

**13 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 26:57-75 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Matteus 26:69-75**

### **Berou**

Die verraad van Judas en die verloëning deur Petrus lyk op die oog af baie eenders. Hulle is vooraf deur Jesus gewaarsku. Beide laat Jesus op bedrieglike wyse in die steek. Judas haal willens en wetens en stap vir stap 'n geweldige vloek op hom. Petrus weer het drie keer agtermekaar gemaak asof hy Jesus nie ken nie – die derde keer het hy dit selfs met 'n eed bevestig. 'n Eed beteken God kan hom met die vloek tref as hy nie die waarheid praat nie. Albei van hulle dra op 'n verraderlike wyse by tot die verdieping van die lyde van Jesus.

En tog is daar 'n verskil: Judas het spyt gekry, maar hy het, net soos Kain en Esau, nie teruggedraai om vergifnis vir sy sonde te kry nie. Hy kon nie. Sy sonde het reeds te ver ontwikkel. Hy het die Heilige Gees – wat berou wek – reeds uitgeblus (1 Tess 5:19; Heb 6:4-8).

Petrus het Jesus liefgehad. Ware berou ontspring altyd uit liefde vir die Here (Ps 51:6). Ons weet ons is nie beter as Judas nie. God sal egter 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie (Ps 51:19). Wees soos Petrus. Ons moet in berou na die Verlosser gaan om vergifnis vir ons herhaalde sondes te kry (Jer 31:18,19). God se vergifnis gee ons totale bevryding (Ps 130: 4).

*Sing: Psalm 51:6,7,8*

*Ds APC Duvenage (Emeritus)*